

YoungTeens @InVia

Kwartaal 2
Jesus verskyn
aan mense na
Sy
Opstanding.

Les 2
Jesus gesels met
Emmausgangers.

Kerngedagte:
Jesus praat
heelyd met ons,
ons is net nie
altyd bewus nie.

Inligting vir Ouers:

Ons is deeglik bewus van die feit dat almal van ons nie noodwendig opgelei is om 'n Sondagskooljuffrou of -meneer te wees nie, maar soos die slim mense sê 'Jy is nooit te oud om te leer nie'. Hierdie les sal jou stap vir stap help om vir so lank as moontlik die gesiggies voor jou se aandag te behou en dalk sommer iets nuuts van die mense naby aan jou te leer. Geniet die les, maak dit jou eie en gaan krap daai kreatiwiteit daar agter in jou skoenekas uit. 😊

Belangrik: die les is net 'n riglyn. Pas dit asseblief aan by julle kinders se ouderdomme en julle omstandighede.

Iets om in gedagte te hou met YoungTeens: dit is vir hulle baie belangrik dat volwassenes beseft dat 'wanneer jy in graad 5 en hoër is, is jy nou 'groot' en daarom is ons nou te 'cool' om prentjies te teken, te slim vir al die maklike woordsoek-oefeninge en te mooi aangetrek om met gom en blinkers te speel...' 😊
Daarom doen ons dinge anders!

Let Wel: gedeeltes in rooi is riglyne vir wat ouers moet sê.

Stap 1

Dit help om die kinders opgewonde te maak oor dit wat ons vandag oor gaan gesels – daarom begin ons met aktiwiteite wat vir hulle (hopelik) lekker sal wees, maar ook iets wat hulle nuuskierig sal maak en wat 'n aanknopingspunt met die les is. Hier volg 'n paar verskillende aktiwiteite (aan einde van les is daar nog ekstra aktiwiteite indien hulle nog wil doen).


Aktiwiteit 1:

Hier is 3 boodskappe wat elkeen met 'n verskillende geheime kode geskryf is. Probeer dit ontsyfer.


A: EIN DYTLA EIN TEN MOH NEKREH SNO, SNO YB DYTLA SI SUSEJ

B: JKEMSOUYSQPERTABAVT NMUECTXDWIKSJSUIFPOERLKS ZOYPAPQATDXNJA
ZEVMMQMHA KULS

C: Wys vir kinders hierdie lys van morse kodes. (Dit lyk moeiliker as wat dit is...)



Laat hulle hierdie onderstaande sin volgens die morse kodes op linkerkant ontsyfer.



Leidrade en antwoorde vir ouers: A = (lees sin van agter af vorentoe) Jesus is altyd by ons, ons herken Hom net nie altyd nie; (Dit was verlede week se les...)

B = (lees net elke 2de letter) Jesus praat met dissipels oppad na Emmaus;

C = Jesus praat heeldag met ons.

(As hulle wil kan hulle ook hulle eie kodes ontwikkel...)

Gesels:

- Was die kodes vir julle maklik of moeilik? Kon julle dadelik verstaan wat die boodskappe is? Hoekom nie? (Het eers nie die taal verstaan nie...)

Aktiwiteit 2:

Laat kinders nou rustig buite gaan rondloop vir ongeveer 5-7 minute.

- **Opdrag: Terwyl jy rondloop moet jy iets in die natuur soek wat jou aan God laat dink.** (Byvoorbeeld: 'n bruin blaar wat van 'n boom afgeval het want dit herhinner jou dat ons soos blaartjie aan God vas is, as ons los is kan ons nie lewe nie. Of 'n klippe want dit herhinner jou aan God wat saam met Dawid was toe hy die reus oorwin het ens.)
- Wanneer hulle terugkom vra hulle uit oor wat hulle gekry het, bv:
 - Wat het jy gekry en vertel bietjie hoekom dit?
 - Wanneer jy hierdie 'voorwerp' weer in die natuur sien sal dit jou bly maak?
 - Het jy al vër van God af gevoel? Hoe het dit gevoel?
- **NB: Laat die gesprek toe om in enige rigting te gaan, ons gesels net saam. (Dit sal goed wees as jy as ouer ook iets gaan soek en jou ervaring deel).**

Stap 2 – Die Storie

Vrae die volgende vrae en gesels saam:

- Dink bietjie aan 'n keer wat jy baie, baie gelukkig was. Deel daardie geleentheid met mekaar en vertel hoekom jy so uiters gelukkig was.
- Het jy al vir baie mense vertel van daai keer wat jy so gelukkig was?

Ons gaan nou 'n storie in die Bybel lees van 'n keer waar 2 mense ook baie, baie gelukkig was en vir baie mense gaan vertel het van wat gebeur het. MAAR net soos met die morse kode wat ons eers nie verstaan het nie, het hulle ook eers nie alles verstaan nie.

Ouers fokus:

Julle kan **Verbeeldingryke Gebed** gebruik – dit werk baie goed met laerskool kinders, tieners en grootmense! Die opsomming daarvoor is aan einde van die les.

NB: Dis nie altyd nodig om die storie woord vir woord uit Bybel te vertel nie (die woorde is in elk geval 'n paar keer oorvertaal en nie presies so nie).

Vertel dit in jou eie woorde dat dit meer relevant en 'real' is vir die kinders.

Die verhaal: Lukas 24:13-35 (aangepas uit Lewende Bybel)

Verbeeldingryke gebed: Maak julle oë toe, en ons gaan nou in ons gedagtes verbeel ons is binne-in hierdie storie. Kom ons haal 'n paar keer lekker diep asem. (Vertel storie met gevoel en wag 'n oomblik as 'n jy vraag gevra het...)

Jy en 'n vriend is besig om van Jerusalem af te stap na 'n klein dorpie met die naam Emmaus, so 12 km buite Jerusalem. Dis 'n warm dag.

Voel jy die son op jou bak? Watse klere het jy aan? Stap jy gemaklik?

Terwyl julle stap gesels jy en jou vriend oor alles wat die afgelope ruk gebeur het. Julle gesels oor wat met Jesus gebeur het – eers het hulle Hom in die middel van die nag gearresteer. Hoe het jy gevoel toe dit gebeur het? Dalk bang, geskok...

Toe het hulle Hom gekruisig... Hoe het jy gevoel toe Hy gekruisig is? Teleurgesteld, kwaad, hartseer? Julle is albei nou nog baie hartseer dat julle beste vriend, Jesus, gekruisig is.

Terwyl julle daarvoor wonder en praat, kom daar 'n vriendelike man aangestap en begin saam met julle loop. Dit is Jesus! Maar julle het Hom nie erken nie en het nie besef dis Hy nie.

Jesus vra toe vir julle: "Waaroor loop julle so met mekaar en praat?"

Jy en jou vriend gaan staan botstil. Julle is geskok. En hartseer. Jou vriend vra vir Jesus: "Bly jy nie ook in Jerusalem nie? Weet jy nie van al die dinge wat die afgelope paar dae hier gebeur het nie?"

Jesus vra vir julle: "Watter dinge?"

Soos julle verder loop vertel julle toe vir Jesus die hele verhaal van jul vriend, Jesus, wat eers gevang is, toe gekruisig en begrawe is.

Jou vriend sê: "En nou hoor ons daar is van ons vriende wat sê dat hulle Hom weer gesien het, dat Hy opgestaan het uit die dood!"

Julle is altwee baie ontsteld en ook verbaas dat Hy nie daarvan weet nie.

Terwyl julle stap begin Jesus met julle gesels en verduidelik alles wat Moses en ander profete oor Hom geskryf het. Hy vertel vir julle dat God belowe het dat Sy seun weer sou opstaan uit die dood.

Julle hang aan Sy lippe, luister aandagtig na elke woord wat Jesus sê. Toe julle jul weer kom kry, het julle die hele 12 km gestap en is julle al in die dorpie. Julle is skoon natgesweet. Hoe voel julle voete? Seer?

Jesus maak eers of Hy verder gaan stap, maar julle wil so graag nog met Hom gesels en hoor wat Hy alles vertel. Julle vra of Hy nie by julle wil kom oorslaap nie want dit is al amper aand.

Jesus sê Hy sal graag by julle wil kom kuier en oorslaap en stap toe saam met julle na julle huis toe. By die huis maak julle reg om iets te eet want julle is nou al baie honger. Watse kos is op die tafel? Ruik dit lekker?

Julle almal gaan sit om die tafel. Waar sit jy en waar sit Jesus? Oorkant jou of langs jou?

Jesus neem die brood en sê vir God dankie vir die kos. Jy ruik die lekker vars brood.

Toe Jesus dit vir jou aangee, toe gaan jou oë oop en toe eers sien jy dit is Jesus. Hoe voel jy? Is jy bly toe jy Hom herken?

Maar nog voor jy iets vir Hom kon sê, toe verdwyn Hy.

Jy en jou vriend is so opgewonde dat julle vir Jesus gesien het, dat julle sommer besluit om dadelik terug te gaan Jerusalem toe – al is dit al aand. Julle wil vir al die ander dissipels en mense gaan vertel dat Jesus regtig leef!!

Julle hardloop toe in die donker terug Jerusalem toe. Julle is so opgewonde julle word nie eers moeg nie.

Toe julle by die ander dissipels aankom, vertel julle opgewonde dat julle vir Jesus gesien het en dat Hy die hele pad saam met julle gestap het. Terwyl julle nog so vertel, toe staan Jesus skielik tussen julle en sê: Mag julle almal vrede hê!

Almal skrik eers groot – hulle dink dit is 'n spook wat ewe skielik hier tussen hulle staan. Maar toe vat hulle aan Hom en toe sien hulle dat dit regtig Jesus is.

Amen

Stap 3 - Gesels saam

- Wie was julle in die storie?
- Watter deel van die storie het jy die meeste van gehou?
- Watter deel van die storie was vir jou die belangrikste?
- Hoe dink jy sou dit gevoel het om aan Jesus te raak soos die dissipels?
- Dink jy dat jy heelyd sou geweet het dit is Jesus wat saam jou loop en met jou praat? Hoekom/nie?

- Toe julle die morse kode boodskappe ontrafel het, hoe het dit gevoel om die geheim te ontrafel?
- **Het jy al daarvoor gedink dat Jesus dalk ook vir ons boodskappe gee in die dag, amper soos die morse kode? Boodskappe wat ons nie altyd eers herken of verstaan nie... en nie besef dit kom eintlik van God af nie... (net soos die 2 dissipels)?**
- Kan julle aan voorbeelde dink? (Bv Hy praat met my deur my hond, as my hond my lek en soentjies gee, sê God eintlik vir my Hy is lief vir my en wil ook so aan my raak, of as die son op my skyn is dit God se liefde wat op my skyn, of as die wind waai sê Hy dalk Hy is altyd by ons, al sien ons Hom nie altyd nie – net soos die wind, deur stories in Bybel ens.)
- Praat God net met woorde of hoe dink julle kan Hy nog met ons praat? Natuur, mense, musiek...
- Wanneer praat God met ons? Net as ek kerk toe gaan? Of net in die aande as ek bid, of **dalk die hele tyd deur die dag?**
- Hoekom hoor ons dit nie altyd nie? (te besig, nie bewus nie, ken nie die 'taal' nie – soos met morse kode...)

- Wie kan onthou waarom het ons verlede Sondag gesels? (Jesus wat saam Sy dissipels gebracai het en dat **Jesus ALTYD by ons is**, al herken ons Hom nie.)
- Wat het ons vandag van bewus geword? (**Jesus praat heeldag met ons**, ons net nie altyd bewus daarvan nie.)
- Wat kan ek doen om Hom meer te hoor wanneer Hy praat? (Dalk tye van stil word, ingestel wees op Sy stem, te luister na natuur of stap in natuur, musiek, Bybel, ens.)

Gebed: (of in hul eie woorde)

Dankie Jesus dat U altyd by ons is.

Dankie dat U met ons praat.

Help ons om te hoor wat jy vir ons sê.

Ons is baie lief vir jou.

Amen

Stap 4 – Eksperiment

Wat het jy nodig: - 'n ballon, 'n lee glasbottel (All Gold tamatiesous tipe bottel), wit asyn en koeksoda.

- Gooi 2 eetlepes koeksoda binne in die on-opgeblaaste ballon
- Gooi die bottel half vol koeksoda
- Sit die oop gedeelte van die ballon oor die bokant van die bottel
- Tel die ballon stadig op sodat die koeksoda in die bottle met asyn val
- Kyk hoe die chemiese reaksie die ballon vanself laat opblaas.

#Method behind the madness:

- Net soos die koeksoda en asyn maak dat die ballon opblaas, net so werk Jesus (die koeksoda) in ons (die asyn) dat ons lewe vol liefde is soos die opgeblaaste ballon. Al sien ons Hom nie altyd nie en weet nie altyd Hy is by ons nie, is Hy ALTYD in ons en maak Hy ons vol met Sy liefde. EN Hy praat met ons deur gewone dinge en nie altyd met woorde nie... soos 'n opgeblasde ballon, of natuur ens.

[NB! NB! NB! Dit word aangeraai om hierdie eksperiment buite te doen, of op 'n oppervlak wat vuil mag word.]

Hoe doen ek Verbeeldingryke Gebed?

1. **Kies 'n gedeelte uit die Bybel.** Bv Markus 2, die mooi storie waar 'n verlamde man se vriende hom deur die dak van die huis waar Jesus preek, laat sak met die hoop dat Jesus hom sal genees.
2. **Vra jouself: wie is ek in hierdie storie?** Is jy een van die man se vriende? Is jy die man wie se huis dit is en dalk ontsteld is dat daar nou 'n gat in sy dak is? Is jy die verlamde man wat desperaat is om weer te kan loop en hoop Jesus kan jou help?
3. **Wat sien ek?** Hoe lyk dit daar, hoe lyk die huis? Sien ek Jesus en sien ek al die mense wat saamdrom?
4. **Wat hoor ek?** Daar was baie mense wat kom kyk het, dalk het dit lawaai. Hoe klink Jesus se stem – vriendelik of kwaai? Wat sê Hy?
5. **Wat ruik ek?** Dalk bedompig met al die mense wat saamdrom in die huis, of medisyne van die siek man? Of maak iemand kos in die kombuis?

6. **Wat voel of ervaar ek?** Raak bewus van enige emosies wat by jou opkom. Jy kan dalk hartseer raak as jy die siek man sien, of bly wees om te sien Jesus maak hom gesond, of opgewonde omdat jy die eerste keer vir Jesus sien.
7. **Hoe ervaar ek Jesus, wat leer ek van Jesus hieruit?** Wat doen Jesus? Sê hy dalk iets vir my? Hoe tree Hy teenoor my op?

Imaginative play helps children interpret the world around them as they recreate a variety of roles and situations. Imagination also helps them see things differently and envision new possibilities. This gift of imagination has been given to us by God, and it can draw us closer to him. There are many means by which we can engage the imagination to encounter God and respond in prayer. Young children are naturally filled with wonder about the world and are open to discovering the mystery of God. Drawing upon the gift of imagination, parents and teachers can nurture this openness to God, guiding children to see the depth-dimensions of our human experience, find God's hand in the beauty of creation, and experience God's love reaching out to them through their parents, families, and friends. – James Martin

www.angelfire.com/trek/annegordon/prayingwithchildren.html

wau.org/resources/article/re_use_your_imagination


On the Road to Emmaus

Then their eyes were opened and they recognized him.
Luke 24:31a (NIV)

The puzzle is based on Luke 24:13-35 (NIV).



W X Q T T I Z H E G H W Z O R
V O D H L I F G J S E C R O E
Q P E A Y N I Q I H Y Q T G U
C E P N A B J L X D E I A T X
T N Y K D R O I E E S L Y U H
J E I S E O Z K F I L C K G R
I D S V F A L L V I G R R J X
B P K T T A H T V K U U S K E
D E R W W B R E A D N C U F I
U S L O C L E O P A S I F V E
O T D I P H F V S C M F F I A
W T I M E H I C J I O I E C D
J M S M C V E Y K J S E R Z G
E M M A U S E T Y L E D P C O
J V K V I D K H J E S U S R Z



WALKED	JESUS	SUFFER	CRUCIFIED
MOSES	BREAD	BELIEVE	VISITOR
THANKS	FOOLISH	PROPHET	EYES
CLEOPAS	OPENED	VILLAGE	EMMAUS

Copyright © Sermons 4 Kids, Inc. • All Rights Reserved • www.sermons4kids.com

Om dit uit te druk:

https://sermons4kids.com/road_to_emmaus_wordsearch.htm

https://sermons4kids.com/emmaus_maze.htm